



DR. MALAN OOR REPUBLIEK

Die versekering dat die Herenigde Nasionale Party nie van plan is om die republikeinse ideaal uit sy program van beginsels te verwyder nie, maar dat ook geen republiek gestig sal word voordat die volkswil op 'n spesiale wyse getoets is nie, is verlede week in die senaat deur dr. D. F. Malan gegee. Hy het daaraan toegevoeg dat daar dringende vraagstukke is wat op 'n oplossing wag, en dat die volk nog nie ryp is vir 'n republiek nie.

Dr. Malan het geantwoord op vrae van sen. A. M. Conroy wat na die republikeinse konsepgrondwet verwys het wat dr. Malan tydens die oorlog laat publiseer het en waarin hy „nasionaal-sosialisme en 'n partylose staat" sou aanvaar het. Die konsepgrondwet is wel deur die Nasionale Party gepubliseer, het dr. Malan gesê, maar die Federale Raad het dit nooit aanvaar nie; die bedoeling was dat dit slegs as 'n leidraad moes dien.

Sutherland In Groter Bedrag

Sutherland se Ossewabrandwag, onder leiding van komdt. P. J. Theron en komdt. C. E. Theron, het op 23 September 'n uiters geslaagde O.B.-dagfunksie gehou. Hoewel sommige lyste nog uitstaande is, sal die kommando vanjaar met die mooi bedrag van tussen £80 en £90 kan spog — ongeveer £30 meer as verlede jaar. Heelwat steun is van buitelanders ontvang, o.a. van mnr. Boy Muller, L.U.K. Hfkomdt. mev. H. S. Brink, het die byeenkoms toegesprek.

Onderdrukking In Rusland Begin V.S.A. Nou Kwel

In teenstelling met Bevin, Britse minister van buitelandse sake, se uitlating verlede week dat Engeland bereid is om 'n vrede met Rusland te lewe as hy hom tot sy eie gebied beperk, het die Amerikaanse minister van buitelandse sake, George Marshall, voor die Algemene Vergadering van die V.V.O., sonder om juis Rusland se naam te noem, laasgenoemde daarvan beskuldig dat hy sy bevolking onderdruk en dat 'n regering wat dit doen, ook nie sal garsel om op internasionale gebied sy doelstellings met geweld sal probeer verwesenlik nie.

Hy het dit gehad oor die „Verklaring van Menseregte" wat voor die V.V.O. gelê sal word en 'n beroep gedoen dat dit aanvaar moet word. „Dit is nie alleen fundamenteel verkeerd dat miljoene manne en vroue daagliks in vrees van geheime polisie leef, onderhewig aan inhegtenisneming, gevangesetting

of dwangarbeid sonder 'n gegronde rede of regverdige verhoor nie, maar die onregte het terugslae in die gemeenskap van volke. Van regerings wat stelselmatig die regte van hulle eie mense veronagsaam, kan nie verwag word dat hulle die regte van ander volke en nasies sal eerbiedig nie."

Jode Dreig Hul Regering

Al die ministers van Israel het die afgelope week dreigbriewe van die Sternbende ontvang waarin hulle met die dood gedreig word weens hul optrede teen die bende. Daar word 'n bedrag van £5,000 deur die regering uitgelooft aan die persoon wie se informasie sal lei tot die moordenaars van Bernadotte.

A.P. HET TAAK OM SAAM TE SNOER: BLY SELFSTANDIG

„Tot tyd en wyl dat die Afrikanerparty daarvan oortuig is dat hy as bemiddelaar die grootste mate van samesnoering van Afrikaners help bewerkstellig het, moet die Afrikanerparty bly voortbestaan as 'n afsonderlike party", het mnr. Jan Liebenberg, L.V. vir Lydenburg en hoofsekretaris van die A.P., verlede week op Wellington verklaar.

„Die beskouing van die Afrikanerparty is dat hy 'n beson-

dere roeping het om te vervul, naamlik om 'n middel tot 'n doel te wees om die Afrikanergedagte te konsolideer. Aangesien daar selfs nog nie algemene vrede onder die nasionaalgesinde groepe is nie en aangesien daar selfs nog baie mense in die Verenigde Party is wat soos ons voel, moet ook vir hulle deur die Afrikanerparty die geleentheid geskep word om met die nasionale gedagte saam te werk", het mnr. Liebenberg gesê.

Die Afrikanerparty skep dus die alternatief vir die V.P.-man en -vrou indien hulle nie regstreeks met die H.N.P. wil saamwerk nie om dit dan wel deur middel van die Afrikanerparty te doen.

K.G. HET TYDENS OORLOG BLOEDBAD VOORKOM

Nadat daar in 1942 massa-arrestasies plaasgevind het as gevolg van 'n verklaring van een van Leibbrandt se adjudante, het die gemoedere besonder hoog geloop en die S.J.'s wou wraak neem oor hierdie arrestasies. Dit was alleen te danke aan die leiding van die K.G. dat verhoed is dat daar 'n bloedbad plaasgevind het, want tienduiseende goed georganiseerde en gewapende manne was bereid om op te tree. Dit het die regering van die dag genoodsaak om 'n volle divisie in gereedheid te hou in geval van gebeurlikhede. Die draadknip-episode was slegs 'n toets om die Beweging te oortuig van die noodlottige gevolge van 'n opstand.

Hierdie inligting is op 18 September deur hfgenl. adv. J. F. Marais verstrekt toe hy die O.B.-fees op Belfast toegesprek het.

Die inligting kon die K.G. des-tyds nie bekend maak nie en dit is deur vyande van die O.B. ver-

Malan, dit sal doen sodat alle agterdog tussen Afrikaners kan verdwyn en die pad na samewerking gebaan kan word.

In verband met die dokumente wat mnr. Lawrence in besit gehad het, het genl. Marais gesê dat dit tot 'n hoogte van vier voet opgestapel was. Dit is van belang om te weet dat onder daardie dokumente ook dié

een was wat geheime inligting teen die K.G. bevat.

FALSE INLIGTING


False inligting is deur Smuts-agente in die ore van teenstanders van die O.B. gefluister. So het die Smutsbewind daarin geslaag om die Britse taktiek van (Vervolg op bls. 8, kol. 2)



Hoofgenl. J. F. Marais.

draaid voorgestel en uitgebuit, het genl. Marais gesê. Spreker hoop dat die huidige regering die saak in die regte lig sal stel en dat die Eerste Minister, dr.

Nuwe Voorkoms Vir Reddingsbote



Die Britse vloot toets tans 'n nuwe soort reddingsboot. Dit is rond, van rubber gemaak en beskik oor 'n tent om die opvarendes te beskerm. Binne in die boot is daar plek vir voedsel waar dit droog gehou kan word, asook 'n plek om water te hêre. Daarbenewens beskik dit oor 'n radar-toestel.

Die rubberboot, wat 200 pond weeg, word opgevoer en in 'n koffer bewaar. Om die bootjie op te blaas, word gebruik gemaak van 'n bottel koolstofdioksied. Sodra die boot begin opblaas, skeur dit die koffer self oop en is binne enkele oomblikke gereed om gebruik te word.

BEVIN BEREID SEËN OOR YSTERGORDYN UIT TE SPREEK

„Ek glo dat die Ooste en die Weste kan saamleef. Ek is bereid om saam te leef en te sê: „Leef julle in vrede in jul eie gebied", het Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake, verlede week verklaar toe hy opnuut te kenne gegee het dat die Weste Berlyn nie sal ontruim nie.

Die Russe neem aan, het hy voortgegaan, dat die Weste oor 'n paar weke Berlyn sal moet ontruim. „Ons reken egter dat ons met die samewerking tussen die lugmagte deur die winter sal kan volhou", het hy gesê.

Bevin se uitlating word beskou as 'n aanduiding dat Brit-

tanje tans bereid is om Rusland 'n vrye hand agter die Ystergordyn te gee in ruil vir 'n ooreenkoms in Berlyn.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Partysweep Stuur Vier Gewetes Na Buite

Die bespreking in die volksraad die afgelope week wat gepaard gegaan het met die herroeping van die Indiërstemreg soos deur die V.P.-regering in 1946 aangeneem, het opnuut die lig laat val op die behoefte aan oplossing van groot vraagstukke bo en buite die partypolitiek. Soos dr. Malan gedurende 1946 as leier van die Opposisie gepleit het dat „die hele saak buite die partypolitieke arena gelig moet word,” so het die Opposisie die afgelope week dieselfde noot gedruk, hoewel hulle destyds geen oor daarvoor gehad het nie.

Diegene wat verag het dat die terugtrekking van die Indiërstemreg sou uitloop op 'n skeuring in die Verenigde Party, is teleurgestel. Die „tirannie van die partysweep”, soos dr. Malan dit genoem het, het daarin geslaag om die eenheid van die party te bewaar. Dit is op tweeërlei wyse gedoen, eersens deurdat liberaliste soos

mnr. J. H. Hofmeyr die swye opgelê is. Hy het nie deelgeneem aan die bespreking nie. Tweedens is daardie lede uit Natal wat onder verpligting teenoor hul kiesers staan om vir die herroeping van die wet te ywer, deur die partysweep toegelaat om buite stemming te bly. Hulle het eenvoudig uitgestap toe daar oor die wetsontwerp gestem moes word en hulle voor die keuse gestel is om of die tirannie van hul partysweep of die gesag van hul gewete te moet gehoorsaam. Maar dit beteken in elk geval 'n triomf vir die partysweep oor die gewete.

STERK SAAK

Dr. Malan het 'n sterk saak gehad. Hy het die grootste deel van die blankes agter hom ten opsigte van hierdie aangeleentheid, en daarby kon hy aan die protesterende opposisie vertel hoe hy in 1946 voorgestel het dat die kleurvraagstuk buite die partypolitiek aangepak moes word en dat 'n gesamentlike

komitee van albei huise aangesetel moes word om die saak te ondersoek — dinge wat die opposisie op sy beurt nou weer vra. Weens party-oorwegings het genl. Smuts dit toe nie wou doen nie, het dr. Malan gesê.

DESTYDS VERWERP

In 1946 het dr. Malan onder meer verklaar: „As jy dit doen (‘n gesamentlike komitee aanstel) dan lig jy die saak uit die partypolitieke arena. Dan maak jy daarvan 'n nasionale saak. Dan skakel jy uit by die bespreking daarvan, alle partygevoel en jy skakel uit die behaal van alle party-voordeel; met ander woorde jy maak die verskillende partye wat hier is daardeur los van die tirannie van die partysweep Hy (die eerste minister) het daardie voorstel wat ek hier gemaak het aan die begin om die saak uit te lig uit die partypolitieke arena en dit te plaas bokant en buitekant partypolitiek, ek wil byna sê met veragting verwerp”

Toe die wetsontwerp verlede week by die tweede lesing tot stemming gebring is, het vier V.P.-lede uit Natal, dr. V. L. Shearer, kol. O. L. Shearer, mnr. J. R. Sullivan en mnr. A. H. Eaton, nie daarteen gestem nie maar die Huis verlaat. Die wetsontwerp is deur die komitee-stadium sonder enige besprekings.

„Heropvoeding” Van Duitsers

Gevoel teen die Angelsakkers is vinnig besig om in Duitsland op te laai, na dr. O. Marais van uit Duitsland berig. Oorsaak hiervan is die gruwelike uitbuiting deur die Westerse besetters. As voorbeeld word genoem die feit dat Duitse steenkool van die Ruhr na Brittanje uitgevoer word teen 15s. per ton, waarna die Duitsers weer Britse steenkool teen 37s. per ton moet invoer.

Een van die oogmerke van die besetting was glo die „heropvoeding” van die Duitsers. Hierdie aanskoulike les in ekonomie sal seker goed onthou word.

Kragtoetsing In Senaat Vir Partypret

Die regering is die afgelope week vir die eerste keer in die senaat verslaan. Terwyl die senaat die Begrotingswetsontwerp in komiteestadium bespreek het, het die leier van die Opposisie in die senaat, sen. A. M. Conroy, voorgestel dat „voortgang gerapporteer word.” Dit het daarop neergekom dat die senaat, ten spyte van die haas, tot die volgende dag verdaag moes word.

Die regering het 'n neerlaag gely omdat die president van die senaat en die voorsitter van komitees nie tydens die komitee-behandeling van die begrotingswetsontwerp mag stem nie.

A.P. Vorm Brug Vir Volkslede

„Ons kan die toekoms alleen tegemoet gaan met eenheid binne ons geledere en alleen as daar harmoniese samewerking is,” het mnr. J. S. Labuschagne, Afrikanerparty-L.V. vir Kliprivier, verlede week verklaar toe hy 'n A.P.-vergadering te Ysterplaat (Kaap) toegesprek het. Dit was die eerste openbare vergadering van die party wat daar gehou is en daar was ruim 200 mense aanwesig.

Mnr. Labuschagne het verklaar dat die nuwe regering aan bewind gekom het omdat daar 'n groot mate van samewerking was en ons kon nog beter aan bewind gekom het as daar groter samewerking was. Ons moet nie te veel roem oor ons oorwinning nie, het spr. gesê, want menslikerwys was die oorwinning onmoontlik. Die feit dat die meerderheid so klein is, is miskien 'n goeie fingerwysing omdat daar geen rede is om nou te kraai nie. As die oorwinning groot was, dan het ons miskien gedink dat ons alleen kan staan en dat ons die hulp van die Ossewabrandwag en Gryshemde maar kan weggooi. Alleen versigtige samewerking kan ons aan bewind hou.

As die Afrikanerparty hierdie samewerking kan bestendig, dan sal die geskiedenis getuig dat die A.P. 'n reg het om te bestaan. Wat ons doen moet ons met verantwoordelijkheid en versigtigheid doen, maar ons moet onthou dat alles wat verkeerd is nie dadelik reggemaak kan word nie.

Dinge wat in die verlede belangrik was — ek bedoel ons verskille — is vandag nie meer belangrik nie; ons het nie meer tyd om aan ons twistes te spandeer nie.

HERTZOGISME

Mnr. W. R. Laubscher, sekretaris van die A.P. in Wes-Kaapland, het die agtergrond van die terugkeer van die Afrikanerparty en mnr. Havenga tot die politiek behandel. Ons het sedert die oorlogsjare 'n primêre skeiding in die Afrikaner-volk gehad wat hoofsaaklik gegaan het oor die oorlog. Maar daar was ook sekondêre verdeeldheid waardeur Afrikaners in twee kampe gejaag is.

Mnr. Havenga het dit as 'n plig teenoor die volk beskou om op die basis van Hertzogisme terug te keer en 'n brug te slaan tussen Afrikaner en Afrikaner en Afrikaner en Engelssprekende.

NUWE NOOT

Dit is 'n nuwe noot wat die Afrikanerparty in 1946 gedruk het en as die party terugkyk op die afgelope paar jaar, dan is dit duidelik dat die volk in sy breë lae hierdie standpunt begin aanneem.

Waar daar 'n wond is, is daar plek vir salf. So is daar plek vir die Afrikanerparty om die volkswonde te heel, het mnr. Laubscher verklaar. Spr. het daarop gewys dat die program van beginsels van die Afrikanerparty 'n erflating is van wyle genl. Hertzog wat dit opgestel het met die groot beginsel voorop: Suid-Afrika eerste. Ons het skuld wat ons moet betaal. Genl. Hertzog, het nie in die skoot van die volk gesterf nie, maar eensaam en as ons die betekenis van die stryd van genl. Hertzog weer terug kan bring, dan het ons al 'n groot deel van ons skuld betaal, het spr. besluit.

Nadat daar 'n mosie van dank aangeneem is, het mnr. F. Hattingh van Ysterplaat aangekondig dat hy die Verenigde Party bedank en by die A.P. aangesluit het.

ETE IN SENTRUM

Die Groote Schuur vrouekommando bedien op 1 Oktober 'n ete in die O.B.-vriendskap-sentrum op die sesde verdieping van die Groote Kerkgebou. Kom geniet 'n heerlike ete!

Elke Woensdag word daar ook 'n ete in die Vriendskap-sentrum bedien deur die vrouekommando van Papendorp. Persone wat elke dag in die stad moet eet, sal weekliks hier 'n welkome afwisseling vind.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besiek ons of skryf om Besonderhede.

DIE KIESKEURIGE MAN

GAAN VIR SY KLERE NA

Kotzé

omdat hy weet dat hy waarde vir sy geld kry.

SO PAS 'N UITSTEKENDE SNYER VAN DIE VASTELAND IN DIENS GENEEM.

ADDERLEYSTRAAT 134 - KAAPSTAD

Doen die ronde met Kommando



Die Sigaret wat vriendskappe sluit en vriende behou

Hulle werk sagkens met u keel . . . sagkens met u beursie !
Probeer vandag 'n pakkie KOMMANDO!

In Pakkies van 10, 20, 50. Met of sonder Kurk. BH3264

WYE SAAMSKAKELING VAN KRAGTE BEPLEIT

In 'n brief aan Dagbreek bepleit prof. L. J. du Plessis 'n gans nuwe oriëntasie van ons nasionale politiek deur die sameskakeling van alle blankes en tot 'n sekere mate ook inheemse nie-blankes vir die oplossing van ons kleurvraagstukke en die beskawingsontwikkeling van Afrika. Hy meen dat die huidige regeringskombinasie die taak op hom moet neem om 'n dergelike samewerking te bewerkstellig wat nie opslukking of assimilasië sal beteken nie.

Sy brief lui:—

Noudat ons Afrikaanse politieke nasionalisme homself eenduidig verruimend beliggaam het in 'n volksomvattende saamwerk-organisasie en in dié proses 'n voorlopige oorwinning in die land behaal het, wat waarskynlik met die aanstaande provinsiale verkiesing verder gekonsolideer gaan word, aangenome dat alle oorgeblewe onnodige diskriminering verval, nou het dit dringend nodig geword dat ons voorsiening sal maak om die tentpenne nog wyer uit te slaan.

Want ons staan nou voor die deur na die oplossing van ons kleurvraagstukke en na die beskawingsontwikkeling van Afrika as geheel en voor die noodsaaklikheid om met die oog daarop Suid-Afrika alsydig nasionaal te konsolideer teen die kommunistiese wêreldgevaar wat in die Ooste sy magsentrum het.

NIE ALLEEN NIE

Hierdie taak kan nie deur die Afrikaanse nasionalisme alleen onderneem word nie, soos reeds

voldoende geïllustreer is deur die reaksies teenoor die eerste skugterste stappe in hierdie rigting, byvoorbeeld ten opsigte van die stemreg van gekleurdes.

Gelukkig is dit ook nie nodig om die taak op daardie eensydige basis te probeer afhandel nie, aangesien daar vir die enigste moontlike beleid in hierdie verband voldoende steun ver-



Prof. L. J. du Plessis

krygbaar is in die kringe van blanke Suid-Afrika wat hulle self nie sal wil beskryf as Afrikaanse nasionaliste nie, en ook in die kringe van kleurlinge en naturelle.

GEEN OPSLUKKING

Maar dan moet hulle politieke saamwerking ingeroep word, let wel: saamwerking en nie opslukking of assimilasië nie. En dit lê op die weg van die nasionale partye wat op die oomblik die oorhand verkry het, om sodanige saamwerking aan te bied, in die geval van gekleurdes, saamwerking in die vorm van gesamentlike oorleg oor die belange van laasgenoemdes.

Ons politieke • nasionalisme moet met die oog daarop sy Afrikaanse eensydigheid wat hom tot nog toe noodwendig aangekleef het, afskud en homself verruim tot 'n alsydig Suid-Afrikaanse politieke nasionalisme wat daarna sal strewen om aan alle inheemse nasionaliteite reg te doen in onderlinge saamwerking.

VERTEENWOORDIGEND

Kortom, ons politieke nasionalisme moet nou alsydig nasionaal verteenwoordigend gemaak word die Afrikaanse nasionalisme moet in volle Suid-Afrikaanse omvang aanneem.

En die leiers van die Afrikaanse nasionalisme moet daartoe die inisiatief neem, deur allereers die kleurvraagstuk ter sprake te bring op 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse grondslag bokant die party-verdeling wat die blanke betref, en bokant die rasse-verdeling wat die inheemse nie-blankes betref.

Suid-Afrika wag daarop en die toekoms van die wêreld-beskawing vereis dit.

STAATSTEUN VIR 'LEGION'

Die Minister van Volkswel-syn het op 'n vraag in die volksraad erken dat die „Springbok Legion" se nywerheidsentrum in Claremont 'geldelike hulp van die regering ontvang. Gevra wat hy in die toekoms gaan doen, het die Minister gesê dat hy nie van plan is om 'n verandering aan te bring nie.

Kamp-Artikels Na Museum

Die Vrouemonument-museum-komitee het die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes in kennis gestel dat daar ruimte in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein, beskikbaar gestel is vir artikels wat in die interneringskampe gemaak is. Die hand-gemaakte artikels sal hier vir die nageslag bewaar word.

Britse L.V.'s Wat Onsydig Wil Bly

Ses lede van die Britse Arbeidersparty het 'n mosie in die Britse laerhuis ingedien wat behels dat 'n neutrale blok bestaande uit lande van die Gemenebes gevorm moet word om oorlog te verhoed. Hulle wil hê dat die saak bespreek moet word op die konferensie van Ryksministers.

DIE O.B. as Skakel Tussen Hollanders

Dat Die O. B. al heelwat belangstelling in Holland geniet, blyk uit verskillende navrae wat ons van Hollanders in die afgelope tyd ontvang het. Die jongste voorbeeld is besonder interessant weens die feit dat die persoon deur middel van Die O.B. in verband gestel wil wees met 'n Hollandse Jeugbeweging.

Die brief is van 'n jong Hollander uit Amsterdam wat in Die O.B. gelees het van 'n Hollandse Jeugbeweging op Christelike grondslag. Hy skryf dat hy al lankal soek na so 'n beweging, en nou sal hy graag met die hoofkantoor in verbinding gestel wil wees. Hy wil ook graag Die O.B. gereeld

ontvang ten eide saam met ander op die hoogte te bly van toestande in Suid-Afrika.

NUWE OFFISIERS

Die volgende offisiërsverandering het in Bloemhof kommando plaasgevind: Mnr. Jan-nie Wentzel het bedank as Generaal, maar bly 'n lid van die organisasie. Mnr. Hennie Fouche is in sy plek aangestel, terwyl die Kwartiermeester, mnr. J. Myburgh, nou ook sal dien as Hoof-kommandant in die plek van mnr. Hennie Fouché.

TREIN-APARTHEID LEI TOT HOFSAAK

Sewentien persone, onder wie blankes sowel as nie-blankes, het verlede week in die Kaapstadse magistratshof verskyn op aanklagte dat hulle 'n byeenkoms van duisende nie-blankes toegesprek het wat byeen-geroep was ten einde teen die apartheidmaatreël op die treine sowel as teen apartheid in die algemeen te protesteer, en dat hulle dit teweeggebring het dat nie-blankes in waens wat vir blankes afgesonder was, geklim het. Die aanklag teen die eerste tien spruit voor uit 'n vergadering wat op 5 September plaasgevind het.

Die beskuldigdes in hierdie geval is:

G. H. Gool, H. A. Naidoo, D. M. Wessels, Z. Gool, F. Carneson, G. L. Abrahams, A. E. Abdurahman, Zayed Gamiet, B. M. Kies en R. E. Viljoen.

Hul saak is uitgestel tot vandag.

In die ander saak, wat voort-spruit uit 'n vergadering wat op 15 Augustus gehou is, is die beskuldigdes:

James Laguma, H. A. Naidoo, Josepa Nkatlo, Moses Kotane, F. Carneson en Sam Kahn.

Die aanklagte teen hulle is dieselfde as die vorige. Ook hulle saak is tot vandag uit-gestel.

A.P. IN SUIDWES

Pogings om takke van die Afrikanerparty in Suidwes te stig, het die afgelope tyd aansienlik gevorder, berig die Suidwester. Die blad berig dat mnr. J. H. Cloete, van Kalkrand, reeds kontak met die A.P.-kantoor in die Unie gemaak het en daar word gehoop dat mnr. N. C. Havenga na die afloop van die Provinsiale verkiesings na Suidwes sal gaan om vergaderings te hou. Verskeie persone be-ywer hulle reeds vir die stigting van takke van die party.

VOLKSKAS-AANDELE

VIR algemene inligting word bekendgemaak dat daar nog 'n beperkte aantal gewone VOLKSKAS-AANDELE vir inskrywing beskikbaar is.

VOLLEDIGE besonderhede is vervat in die Bank se jongste prospektus, eksimplare waarvan op aanvraag by alle takke of by die Hoofkantoor van die Bank, Posbus 578, Pretoria, verkrygbaar is.

VOLKSKAS BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)



HOOFKANTOOR:
PRETORIA

BANKIERS

Nuus aan alle Leesliefhebbers!

DIE VLAM-BIBLIOTEEK

Teen spesiale verminderde pryse aan Intekenare

'N REEKS PUIK NUWE AFRIKAANSE ROMANS, ENS.

ONDER ANDERE SAL VERSKYN

★ BY DIE STERFBED VAN 'N VOLK —
deur M. J. Pienaar

★ ROOI VERRAAD — deur Magda Boyce

Vanaf begin 1949 sal 6 tot 8 boeke jaarliks verskyn — almal met boeiende temas

INTEKENVORM

AAN: Saamwerk Hulpvereniging Beperk,
Posbus 1230,
PRETORIA.

Vind asseblief ingesluit 'n bedrag van 7/6 vir 'n eksimplaar van u eerste publikasie. Ek onderneem om intekenaar te bly vir die volle jaar 1949, en om by ontvangs van elke boek die bedrag vir die volgende boek aan te stuur.

NAAM:.....

ADRES:.....

Maak seker van u eksimplaar deur dadelik 'n intekenaar te word. By ontvangs van elke boek betaal u vooruit vir die volgende een. Stuur die intekenvorm saam met 7/6 vir die eerste boek, aan: „DIE O.B., SAAMWERK HULPVERENIGING BEPERK, POSBUS 1230, PRETORIA.

Wil Skepe In Unie Bou

Planne word tans voorberei om 'n skeepsnywerheid in Suid-Afrika op te rig. Die bou van die skepe sal in Durban plaasvind en die gedagte is dat vyf of ses skepe van 10,000 ton gelyk gebou sal kan word. Dit is moontlik dat daar reeds teen 1950 met die bou van die skepe begin sal word. Die onderne-ming sal deur Britse sowel as Suid-Afrikaanse kapitaal ge-steun word.



DANS VIR PLESIER

Maar vir persoonlike frisheid
en betowerende welriekendheid

is die antwoord

K W V

-reukwater

EN

-laventel

PRODUKTE VAN SUID-AFRIKA

Enigste Suid-Afrikaanse Distribueerders.
H. J. NIEHAUS (EDMS.) BEPERK
Posbus 2108, Kaapstad,
Posbus 4893, Johannesburg.

DIE O.B., WOENSDAG, 29 SEPTEMBER 1948

DIE VRAAGSTUK VAN BAL-BAL

Twee soorte agitators is op die oomblik besig om die grootste vraagstuk van Afrika — die van kleurverhoudings — so te bevroetel dat dit soos geknoopte garing uiteindelik onhanteerbaar gaan word.

Aan die een kant is daar die kommunistiese opstoker wat in elke land met sy wig rondstap om waar daar 'n skeurtjie is, dit in te pers en oop te splyt ten behoeve van Russiese uitbreidingspolitiek. In ons land waar kleurverskille meer in die ooglopend is as klasseverskille spreek dit vanself dat die Kommunis op hierdie akker sal saai. En hy doen dit dan ook met 'n kwistige hand. Waar die regering reeds te kenne gegee het dat hy vroeër of later aandag aan hierdie bedrywigheid gaan skenk, kan ons slegs die hoop uitspreek dat daar nie lank mee getalm sal word nie en dat die stappe wat uiteindelik gaan volg, in ooreenstemming sal wees met die behoeftes van die omstandighede. Kommunisme is nie meer 'n politieke filosofie wat in verband met vryheid van denke gebring kan word nie. Dit is vandag 'n oorlogsmasjien in die hande van 'n magsklik met staatspersoonlikheid. Dit word georganiseer en beheer vanuit een hoofstad as 'n besondere afdeling van die Rooi Leër. Dit het 'n spesifieke oorlogstaak, en verdien daarom om as sodanig beveg te word.

Partykramer

Maar langs hierdie kwaadwillige opstoker het ons nog die politieke opstoker teen wie dr. Malan verlede week in die parlement te velde moes trek — die partykramer, soos wyle genl. Hertzog hom genoem het toe hy na hom as 'n vloek verwys het. Dit is die man wat geen oog meer het vir die grotere nie. Sy wêreld word begrens deur die vier mure van die parlamentsgebou. Sy stryd gaan om sitplekke links of regs van „Mnr. die Speaker” en sy een groot vraagstuk in die lewe is die afstand oor die „vloer” van die „huis” tussen hom en sy teenhanger. In daardie klein wêreldjie wat se oppervlakte oorspan kan word deur 'n sagte tapyt, is daar vir hom nie so iets soos 'n volk nie. As hy dan ook praat van die volk, dan geskied dit in die geykte term van „die volk daar buite.” Vraagstukke van volks- en landsomvang ken hy nie. Die vraagstukke waarmee hy te doen het, is vraagstukke net in sover dit sy sitplek binne die vier mure van sy wêreldjie kan beïnvloed.

Hy staan op een vlak met die professionele bokser. Hy gaan nie in die kryt soos die soldaat op die slagveld om 'n saak van lewe en dood te beslis en die geskiedenis se loop te bepaal nie, maar om 'n spel te speel — „the game of politics” — wat hy speel terwille van die pret en die beloning wat hy daaruit haal.

Volgens Reëls

Dr. Malan het in sy toespraak oor die Indiërwetgewing aangetoon hoe hierdie spel deur die huidige opposisie gespeel is. Toe hy in 1946 gevra het dat die saak uit die „party-politieke arena” — die politieke bokskryt — gelig moes word, het die Smutsregering dit verwerp — en volgens die reëls van die spel, moes hy dit verwerp het, net soos hy nou as Smutsopposisie deur die reëls van die spel gedwing word om op sy beurt weer te vra dat die saak buite die party-politiek verhef moet word.

Toe hierdie party aan bewind was, het hy bordjies laat verf om aan die treine op te hang sodat daar skeiding kan kom tussen blank en wit. Maar hy het dit nie opgehang nie, soos dr. Malan aangetoon het, omdat die sitplekke binne die klein wêreldjie van sekere beroepspolitici in gevaar kon gekom het. Maar nou dat ander dit ophang en die „goeie” beginsel sonder gevaar vir daardie sitplekke toegepas word, is dit uit die bese. Nou word daarteen geagiteer en nie-blankes word opgesweepte teen mede-blankes, nie omdat hulle enige beswaar daarteen het nie, maar omdat die spel dit vereis. Soos die beroepsbokser moet hy slaan om uit te klop al vind hy geen fout met die man daar voor hom nie.

Daar is seer seker kritiek uit te bring teen die metode van toepassing van die apartheidsbeginsel, net soos enige menslike handeling nie bo kritiek verhef is nie. Ook ons het dadelik by die toepassing van hierdie maatregel daarop gewys dat dit ongelukkig is dat die uitsluiting net na een kant toe geskied. Nie-blankes moet ook teen die indringing van blankes beskerm word, anders verval die beginsel heeltemal.

Maar watter waarde het kritiek wanneer dit nie meer 'n produk van goeie trou is nie en sowel regering as kritikus weet dat dit deel is van 'n spel?

Hoe kan 'n vraagstuk soos dié van ons kleurverhoudings ooit opgelos word wanneer die politieke masjien wat dit moet oplos in die eerste plaas 'n „arena” is waar die staatsman verneder word tot professionele sportman wat verplig is om bal-bal te speel met landsprobleme?

A.P. SE SELFSTANDIGHEID GEE KOMBINASIEWAARDE

Verlede week is die verdeling van provinsiale raadsetels tussen die Herenigde Nasionale Party en die Afrikaner Party aangekondig. Ongelukkig kan die aankondiging nie as heeltemal bevredigend beskou word nie. In die eerste instansie moes bekend gemaak word dat geen ooreenkoms nog bereik is ten aansien van die Vrystaatse setels nie; en in die tweede instansie moes gelyktydig bekend gemaak word dat hoewel die setel Mosselbaai aan die Afrikanerparty toegeken is tydens die onderhandelings tussen die partye, die plaaslike besture van die H.N.P. weier om die A.P. toe te laat om hierdie setel te betwis.

Dit is jammer dat daar nie 'n geesdriftige ooreenkoms in al die provinsies aangekondig kon word nie: dit sou die stempel van algehele onderlinge hartelikeheid baie treffend op die H.N.P.-A.P. bondgenootskap afgedruk het.

ONTLEDING

In die drie provinsies waarin ooreenkoms tussen die partye bereik is, gaan die A.P. twintig setels betwis. Net een van hierdie setels word tans in die Provinsiale Raad deur 'n H.N.P.-lid verteenwoordig — en dit is Mosselbaai. Al die ander setels word deur die Verenigde Party of die Arbeiders Party verteenwoordig.

Van die twaalf setels wat die A.P. in Transvaal moet beveg, word vyf verteenwoordig in die Volksraad deur H.N.P.-lede wat tydens die jongste algemene verkiesing op 26 Mei verkies is; ses deur V.P.-lede en een deur 'n Arbeider.

Net een van die setels wat die A.P. op die Opposisie moet verower, word tans gehou met 'n meerderheid wat kleiner as 1,500 is, nl. Boksburg (V.P. meerderheid 649).

Konferensie Van Oud-Geïnterneerdes

Die Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes hou hul jaarlikse konferensie op 16 Oktober in Pretoria, na die O.B. verneem. Die verrigtinge, wat om 1.45 n.m. begin, vind plaas in die saal van die Buitemuurse Gebou van die Universiteit van Pretoria. Pretoria word as die mees sentraal geleë plekke beskou omdat die meeste „draadkouers” Transvalers is.

Die Uniale raad van die Bond sal ook by hierdie geleentheid vergader. Gedurende die aand word daar 'n dinie gehou in die Afrikaanse Koffiehuis waarheen alle oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes uitgenooi word.

HET BORDJIES SELF LAAT VERF

„Die Opposisie hou die oog op partybelang en nie op volksbelang nie,” het die Eerste Minister verlede week verklaar toe hy die Verenigde Party aangeval het oor sy houding teenoor apartheid, „wat hy weet reg is, maar beveg.”

Dr. Malan het dit gehad oor die apartheid-kenningsgewings wat die vorige regering reeds laat verf het en van voorneme was om op die treine aan te bring, maar wat nie gedoen is nie omdat verskeie volksraadslede van die Kaapse Skiereiland briewe aan die destydse Minister van Vervoer geskryf het waarin hulle hom versoek het dat hy dit tog nie moet doen nie, omdat dit hul setels in die gevaar sou

In die Transvaal kan die A.P. tans verwag om minstens vyf en meestalens ses setels te verower.

KAAPLAND

In Kaapland word twee van die A.P.-setels tans deur H.N.P.-lede in die Volksraad verteenwoordig. Die ander drie word deur die V.P. gehou en die kleinste V.P.-meerderheid van die drie is 1,832 in Port Elizabeth-Noord. In Kaapland kan die A.P. dus verwag om twee provinsiale setels te verower.

Politiek in Oënskou deur Waarnemer

In Natal is die veiligste setel wat die A.P. gekry het Newcastle, wat die H.N.P. tydens die jongste volksraadverkiesing met 'n meerderheid van 115 verower het.

NET AGT

Van die twintig setels wat die A.P. gaan betwis, kan die party dus verwag om agt te verower. Indien die party daarin slaag om meer setels te verower op die opposisie sal dit 'n skitterende prestasie wees.

Net soos nou met die provinsiale raadsetels was daar ook vertraging en onsekerheid oor die verdeling van die volksraadsetels in die Vrystaat. Dit laat 'n suspensie by buitelanders ontstaan dat die verhouding tussen die H.N.P. en die A.P. in die Vrystaat nie is wat dit behoort te wees nie. Die opwekking van sodanige suspensie is beslis ontmoedigend vir die welslae van die A.P.-H.N.P.-bondgenootskap. Veral in die provinsie van genl. Hertzog — die vader van die Afrikanerparty — verdien die party 'n bietjie ekstra konsiderasie en die gebrek daaraan val vreemd en onaangenaam op.

OPPOSISIE-TAKTIEK

Afgaande op die verslae van die verrigtinge in die Volksraad blyk dit dat die Opposisie onafgebroke voortgaan om 'n gees van wantroue in die regering en vrees vir die regering by die publiek te laat posvat. Hierdie wantroue en vrees probeer die Opposisie aan te blaas uit hoofde van die sogenaamde „ekstremisme” van sommige H.N.P.-ministers en ander Broederbond - L.V.'s van die party. Die Opposisie wil blykbaar 'n bepaalde kompleks en vooroordeel teen die regering by die publiek skep — wat niks te make het met feite en regeringsbeleid nie. Dit is gebiedend noodsaaklik dat hierdie party-politieke spel van die Opposisie verydel moet word.

A.P.-INVLOED

Tydens die jongste algemene verkiesing het die Smuts party hierdie aspek van hul propaganda tot hooftema ontwikkel — soveelso dat baie van hul ondersteuners behoorlik koue rillings gekry het by die blote gedagte aan 'n H.N.P.-bewind.

Dit ly geen twyfel nie dat min. Havenga en die Afrikanerparty as draers en verteenwoordigers van Afrikaner gematigheid geweldig baie daartoe bygedra het om die Smuts-party se riller-propaganda te ontseun en om vertroue te wek in kringe waar die Smuts-propaganda wantroue gesaai het. Nadat die nuwe regering aan bewind gekom het is die vreeskompleks by baie Smuts-volgelingen enigszins tot bedaring gedwing deur die geloof dat die aanwesigheid van mnr. Havenga in die kabinet sal verhoed dat dinge so dol soos kop af sal gaan.

WAARSKUWING

In die jongste tye het die Smuts-propaganda 'n rigting ingeslaan waarin veral vir die Afrikanerparty 'n waarskuwing te lees is. Die Opposisie-propaganda beweer tans dat die Afrikanerparty tot so 'n mate 'n afhanklike werktuig van sy bondgenoot die H.N.P. geword het dat die party nie durf waag om 'n eie en selfstandige beleidsrigting in te slaan nie — met die gevolg dat die vertroue wekkende gemagtigheid van die Afrikanerparty nie 'n selfstandige faktor in die regering is nie.

Dit is my oorwoë mening dat die Afrikanerparty onmiddellik op hierdie propaganda van die Opposisieparty moet reageer, en wel op so 'n wyse dat hierdie kleinerende aantygning aan die kaak gestel word in sy naakte onjuistheid. Die beste belange van die regering, van die nasionale Afrikanerdom en van die Afrikanerparty self vereis dit. Ek wil nie spesifieke kwessies noem nie — dit is die taak van die leiers van die Afrikanerparty — maar ek wil in die algemeen sê dat dit m.i. nodig is vir die Afrikanerparty om sy standpunt duidelik en onomwonde in die Volksraad te stel ten aansien van kwessies wat aldaar tot strydpunte tussen die groot partye ontwikkel word en wat gevolglik gemoedere in die land gaande maak. Alleen deur so op te tree kan die Afrikanerparty sy selfstandige identiteit, sowel wat betref sy organisasie as sy beleid, bo alle twyfel handhaaf.

SKILVRY

SKILVRY-HAARWASMIDDEL vervaardig van koolteer met klapperolie, spesiaal vir inheemse klimaatstoestand. Voed en reinig kopvel en hare en gee hare gesonde, natuurlike kleur. By Aptekers, Manshaarkappers, Dameskoonheidsalons en Handelaars of Heynes Mathew, Kaapstad. (1)

GROOT SENTRALE FEES

Tentoonstellingsterrein
CRADOCK

SATERDAG, 9 OKTOBER
om 10 vm.

- MIDDAGETE
- BOERESPORT
- BRAAIVLEIS

Toespraak:
Dr. JAN STEYN, L.V.
Hoof toespraak:
DIE KOMMANDANT-
GENERAAL, om
8.15 nm.
Almal Hartlik Welkom

STORMJAERS OF JANSALIES?

Mnr. Dirk Hertzog, Pretoria, skryf: „Party mense word nie gebore nie, hulle word gekwaar- rief. So het 'n maat van my eendag gesê van 'n besonder dooierige drel waarmee ons te doen gehad het. Professor S. P. E. Boshoff het 'n dergelike gedagte uitgespreek oor iemand anders wat hy beskryf het as „ongeneig tot enig kwaads en onbekwaam tot enig goeds.“ Mense van daardie slag sou nooit Stormjaers geword het nie. Die Stormjaers het geglo in lewendigheid, of 'n „filosofie van aktiwisme“ as ons meer gelyke taaltwak wil rook. Hulle sondes was sondes van doen, maar nie van nalaat nie; vergrype, nie versuime nie. Dat daar misdade was sal niemand ontken nie, maar dan moet ons aan die ander kant onthou dat die enigste manier om niks te verbou nie is om nooit enigiets te doen nie. En die Bybel-oordeel oor hierdie soort van negatiewe deugsamheid kry ons in die gelykenis van die man wat sy talent begrawe het. . . .

As daar mense is wat voel dat die Stormjaers lewens in gevaar gestel het deur hulle optrede

dan sê ek dadelik „ja“ daarop maar dan voeg ek by dat die honderde en duisende lamsakke en jansalies netsoveel, en meer, lewens in gevaar gestel en ook verongeluk het deur hulle versuim om op te tree teen misdade tydens die oorlog gepleeg, en teweens teen die hele rampsalige broedermoord wat bekend staan as die Tweede Wêreldoorlog. As daar geen Stormjaers was nie dan was daar nog duisende meer jong Afrikaners gedwing om hulle blanke broers te gaan uitmoor terwille van Generaal Smuts se oorlogstydse vriende . . . die Rooies weerskante van Duitsland.

„Laat hom wat sonder sonde is die eerste steen gooi“ . . . daarom wil ek niemand vandag dit kwalik neem as hy sy plig teenoor sy volk versuim het tydens die oorlog nie. Ek was self geen lid van die Stormjaers nie. Enersyds omdat ek beter my mond as my vuis kan gebruik en meer weet van 'n pen as van 'n „appel“; andersyds omdat ek van kleinsaf maar 'n bang mannetjie is; maar om die optrede van die Stormjaers holubolus te gaan afkeur net omdat dit „gewelddadig“ was, is om te misken dat handeling die wese van lewe is. Wat mens ookal teen hulle mag sê, die Rebelle in ons geskiedenis, by Slagtersnek, tydens die Engelse oorlog, in 1914 en in ons laaste „Rebelle sonder gewere“, het die gewete van ons volk wakker gehou en getoon dat sy hart nog reg klop. En as geheel genome het hulle optrede veel meer lewens gered as vernietig.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIESS en ander PRODUKTE aan te staar te:

C. M. ELOFF EN KIE
(Edms.) Bpk
MOERMARK (Posbus 7188) Newto

Soos Ons Lesers Dit Sien

Kommuniste En Vakbonde

Mnr. J. Treurnicht, Johannesburg skryf: Is dit nie hoog tyd dat ons Minister van Arbeid deurtastende ondersoek behoort in te stel aangaande kommunistiese bedrywighede van ons vakbonde nie? Mens wonder of die tyd nie lankal aangebreek het om in die interne sake van besture in te gryp en die vakbonde op 'n gesonde basis te plaas nie.

Dit is darem al te waar wat die K.G. eenmaal aangehaal het uit „The problems of Leninism“ dat die kommuniste nie sal skroom om van wapenge- weld gebruik te maak om hulle doel te bereik nie. Vergelyk maar Pole, Tsjego-Slowakye e.d.m.

Ek dag dan hierdie is 'n demokratiese land waar lede van 'n vakbond sonder diskriminasie hulle vergaderings mag bywoon maar dit lyk nie die geval te wees in sekere vakbonde in Johannesburg nie. Kyk maar wat gebeur het met die klere- werkers.

Geen wonder dat „The Guardian“ van 17 deser berig oor „Fascism at the back-door“ nie, want enige iets wat teen komunisme is, is mos nie demokrasie nie, maar fascisme.

Nou kan 'n mens mos ook begryp waarom kommuniste so teen die O.B. is, want is ons nie die enigste buiteparlementêre front teen hierdie aanval uit Moskou nie?

Moorreesburg Presteer

Die Ossewabrandwag van Moorreesburg het die mooi bedrag van £89 ingesamel met O.B.-dag. Daar het pragtige samewerking geëers en Brandwagte en offisiere was baie ywerig.

Genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier van die O.B. in Wes-Kaapland, het die aanwesiges toegesprek en die toekomstige van die O.B. behandel.

Sykouse In Voedselpakke

Hoe die stuur van voedselpakkies na Brittanje misbruik word, het die afgelope week in Brittanje aan die lig gekom toe Jack Lewis (voorheen Isaac Auerbach), 'n tekstielhandelaar en voorheen van Johannesburg, skuldig bevind is op aanklag dat hy die doeanes ontduik het deur sykouse as „voedselpakkies“ te versend. Hy is veroordeel tot nege maande tronkstraf en beboet met £1,208 of drie maande tronkstraf.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

RADIOTRONICS

(A. Perold en P. Brink)

Vir herstel en koop van ELEKTRIESE APPARAAT (Onderneem ook yskasherstel- werk, ankerontwikkeling en lê van kables in huise en fabriek)

Hoofstraat BELLVILLE
Foon 97-9114.

BLOEMHOF HOU O.B.-DAG

Die kommando van Bloemhof het op 18 September O.B.-dag gehou in die Bioskoop-saal. Genl. mev. A. Wentzel en haar helpsters verdien alle lof vir die heerlike versersings. Daar is £47 geïn. Kenmerkend was dat baie nie O.B.-lede in 'n gees van welwillendheid die funksie ondersteun het. Te oordele na die goeie gees wat die dag ge- heers het is die O.B.-organi- sasie lewendig.

TOESPRAKE

Hoofkomdt. Van Niekerk het gesê die viering van die tiende verjaardag van die O.B. is 'n bewys dat die organisasie gekom het om te bly. Die stryd gedurende die oorlog was nie souseer 'n terugslag nie maar 'n suiwering van die organisasie. Daarom kan ons in broeder- liefde ons leuse uitleef.

Genl. Herold, hoofspreeker vir die dag, het veral gepraat oor die vryheidstryd van die Afrikaner en gesê dat getalsterkte nie juis nodig is om iets konkreets voort te bring nie; dit hang af van die gehalte. Dit maak nie saak watter rang jy beklee of aan watter party jy behoort nie, die bloed in jou are tel. Hy het ook gepraat oor die Indiër- en naturelle-vraagstukke wat aansluit by dit kommunistiese gevaar, wat die ganse blanke- dom bedreig. Daar lê vir ons

voor 'n verskriklike stryd waar ooreenkomste en partye nie sal tel nie, maar die vuurslag van suiwer blanke bloed. Genl. Hennie Fouche wat die verrig- tinge gelei het, het alger wat meegelyp het bedank, veral hoofkomdt. Van Niekerk en genl. Herold, albei van die Rand, vir hul inspirerende toesprake.


SLAANKRAG VAN V.S.A. SE LUGMAG

Indien die 90 Superverstings van die Amerikaanse lugmag wat nou in Brittanje is met atoombomme gelaa word, staan hulle slaankrag gelyk aan 79,200 Vlieënde Vestings wat gedurende die laaste oorlog ge- bruik is en met gewone plof- stowwe belaa was, het genl. Carl Spaatz, voormalige hoof van die Amerikaanse lugmag in Amerika, verklaar.

Hy het daaraan toegevoeg dat 'n mens enigins 'n idee kan kry van wat dit beteken as in aanmerking geneem word dat daar tydens die oorlog nooit meer as 5,000 vlieënde vestings ooit in Duitsland gebruik was om die verwoesting te saai nie.

JONG SEUNS OP BERMUDA

Van mnr. A. J. Dippenaar, Badfontein, Bethulie, het ons 'n portretjie ontvang van 'n groep krygsgevangenes op Bermuda tydens die Tweede Vryheids- oorlog. Ongelukkig wat dit te dof vir 'n koerant afdruk, maar dit bevat nie minder nie as vier jong seuns wat na skatting hoogstens 14 jaar oud moes ge- wees het. Die groep het 'n koof gevorm onder leiding van ds. Van Blerk. „Vandag nog dink ek met dankbaarheid terug vir wat hy in daardie tyd vir ons beteken het,“ skryf mnr. Dippe- naar.



- „Ek het my huis verfraai!“
- „Ek kan nou die tempera- tuur van my kombuis be- heer!“
- „Ek bespaar brandstof, tyd en energie!“

. . . so getuig die gelukkige besitters van die

„FIRECO“

DIE LUKSE AANHOUDEND BRANDENDE STEENKOOLOSTOOF

Bestudeer die UITMUNTENDE KENMERKE van die FIRECO. Sodoende sal u merk hoe groot die voorsprong is, wat die FIRECO aan huisvrouens besorg. Hierdie luukse-stoof word in Kanada vervaardig deur die enigste fabriek in die wêreld wat stowe maak met die ongeewenaarde DUBBELE BO-PLAAT en BRIDGEWALL- beginsels van hitte beheer. Daar wag vir u ongekende besparing van tyd, geld en moeite sowel as die versekering van ge- slaagde resultate met u kook- en bakwerk. Let op die groot kookruimte.

• Skryf vandag nog om u gratis brosjure!

TOONKAMER en Pakhuis:

ELEKTRESO (Pty.) Ltd., Voortrekkerweg 30,
Foon 9-7223, BELLVILLE.

Handelsnavrae:

CAPE TRADE & INVESTMENT CO. (PTY.) LTD.

Foon 2-5572 Posbus 1814 Kaapstad



D.A.H.A. HELP ONS OM TE HELP!



HIERDIE OË VRA KOS

- Elke twee minute vandag het iemand in Duitsland van honger gesterf.
- Dit het gister, eergister en verlede maand ook gebeur. As u nie help nie, sal dit aanstaande maand ook so wees — miskien erger.
- U bydrae aan GELD, voedselware, klere, skoene en wol kan duisende lewens red!

Stuur u bydraes aan u hoofkantoor:

D.A.H.A. — BLOEDSTRAAT 164, Pretoria
D.A.H.A. — HOOPSTRAAT 105B, Kaapstad
D.A.H.A. — HIPPO-GEBOU, Producerstraat, Port Elizabeth
O.V.S.-Noodlenigingskomitee, Aliwalstraat 20, Bloemfontein
Johannesburgse Noodlenigingskomitee, Juta- straat 90, Johannesburg

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

DANKBETUIGING

Al die offisiere, brandwagte en kommando's wat telegramme en briewe van gelukwensing met my verjaardag op 4 September gestuur het, word hartlik bedank hiermee. — J. A. SMITH, A.K.G. 29/9/1B

BOME, PLANTE EN SAAD

Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad: Chantenay Wortels, 10/-; Detroit Beet, 5/6; Skorsies: Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pastepapoeitjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarsaal, 17/6; Marblote Tamatie-saad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Splitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

PATATRANKE.—Sesmaande 83 lb., 7/-; 3-maande 83 lb., 8/-; sesmaande toppe, 8/- per 1,000; steggies reg vir plant. Ses- en driemaande Borrie, 6/- per 1,000. Gelewer Serpentine. K.M.B. Tevredenheid gewaarborg. — **B. H. GERBER (C./sn.), P.K. Hoekwyl, GEORGE.** 28/7/TK

VAR'S GESERTIFISEERDE GROENTESAAD: Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet, 7/6 lb; Tom Watson Wonder Waatlemoen, 9/6; Hubbard en Langwit Bospampoen, 9/-; Greenfeast Saaderte (minimum 5 lb.), 1/- lb.; Beauty Tamatie, 30/- lb., 9/- 1/4 lb.; Vroes Kaapse Plat Uie, 9/- lb. Unje Posvry. —Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn. 8/9/TK

GEMENG

VAN'S CONCRETE PRODUCTS

ALLERLEI — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombulsofwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe: **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katselous. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad.** 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektriese-aannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EENS.) BPK.,** Hooftstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

TE KOOP AANGEBIED

SPEENVARKIES — 10 Speenvarkies. Groot swart sê en geregistreerde wit beer, 6-8 weke oud. 30/- stuk, gelewer Tarkastadstasie. — **S. Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.** 29/9/2B

TE KOOP

„ATLAS” - vragmotorbakke, sleepwagens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows”). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl.** Foon 1253.

SOUT. — Brandwagte, ek vra u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. A.1. 80/-; sneeuwit no. 1, 70/-; wit no. 2, 60/- per ton vry gelaaide soutwerke. Adres: Komdte mevr. Martie Venter, Possak no. 4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 25/8/TK

STEENMAAKMASJENE. — „Kleine Wonder” vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjens (S.A.) Agentskappe, Posbus 18, Hopefield, K.P.** 18/8/T.K.

Vir elektriese- en paraffin-koelkaste; paraffin-, kool- en elektriese stowe; elektriese- en petrol-wasmasjens; stofsuigers en politoeders, meubels, draadlose, ens. raadpleeg of skryf aan **ELEKTRON-KONTRAKTEURS, Keeromstraat 18, Kaapstad.** 18/8/T.K.

Gedurende die oorlog was daar altesaam 6,634 persone geïnterneer, volgens syfers wat deur die regering bekend gemaak is. Die leggers van die geïnterneerdes is nog beskikbaar met uitsondering van die wat wegge- raak het of gesteel is.

Gewis Nie Buite Sy Kennis

Oudheidkundiges het 'n kop-been van 'n vrou in Engeland ontdek wat „35,000 jaar gelede” gelewe het. Een van die wetenskaplikes het sy kollegas van die nodige besonderhede omtrent die ooriye van die „Ystydperkse” bewoonster voorsien. Sy was 'n kapteine of toordokter en is onthoof. Haar kop is doelbewus tussen rotse begrawe. Wat meer is, dit was 'n godsdiensige moord waarby haar harsings met groot plegtigheid geëet is.

Die bewys: 'n Sigeuner-lepel-tjie is binne in die kopbeen gevind!

Blykbaar uit respek vir die oerdame het die geleerde die datum van haar geboorte verswyg.

OUDSTE BRANDWAGTE VAN LINDLEY



Die kommando van Lindley het 'n hele paar Brandwagte wat reeds oor die tagtig jaar is. Links is mev. Catharina Pieters wat reeds twee-en-tagtig jaar oud is. Sy is 'n weduwee wie se gesondheid 'n groot knak gekry het tydens die Engelse oorlog en is tans bedlënd. Na die oorlog moes sy haar lewe maak deur wasgoed vir die vroue van Lindley te was en vandag verkeer sy nog in groot gebrek. Regs is oom Dirk en Tant Martie Coetzee van die plaas Mispas. Oom Dirk is reeds 83 jaar oud en bedlënd maar 'n getroue Brandwag. Ook hy ly nog van gevolge van die Vryheidsoorlog. Tant Martie is 'n ywerige offisiere wat ongeag haar jare, nog getrou op haar pos staan.

Britse Sedes Agteruit

Die sedelikheid in Brittanje is sterk aan die afneem volgens die bevinding van die nasionale huweliksvoorligting-buro wat deur die Britse regering gesubsidieer word. In 'n verslag waarin hy sy besorgdheid oor hierdie ontwikkeling in Brittanje uitspreek, word o.a. aan die lig gebring dat byna die helfte van die vroue wat in 1945 geboorte aan kinders gegee het, swanger was voordat hulle getroud was. Daarby was een uit elke 35 ongetroude vroue tussen die ouderdom van 15 en 49 jaar gedurende 1945 verwagterend.

Owerspel Al Grond

Die Presbiteriaanse Kerk in Suid-Afrika het die afgelope week besluit dat die enigste grond wat deur die Kerk vir egskedding aanvaar sal word, owerspel is. Daar is ook besluit dat slegs die onskuldige partye in egskeddings deur die kerk hertrou sal word.

VERBETERINGS IN NYWERHEDE

Die regering het 'n kommissie aangestel wat ondersoek moet instel na nywerheidswetgewing in die Unie omdat die bestaande toestand nie bevredigend is nie.

Die opdrag aan die kommissie raak onder meer die wenslikheid van koördinerende lone en dienstoeënde, masjinerie om nywerheidsgeskille op te los, ondersoek na die werking van die beginsel van geslote geleedere en die wenslikheid van aparte vakbonde vir blank en nie-blank.

Die Kommissie sal nie ondersoek instel na die Vakleerling-wet nie omdat dit reeds gedoen is deur die De Villierskommis-

sie, wie se verslag in die pers is. Die Minister het egter sekere menings omtrent die verbetering van die Vakleerlingwet. Hy het gesê dat daar 'n herindeling van bedrywe sal moet wees met die oog op nywerheidsontwikkeling. Hy beoog ook 'n korter tydperk vir die opleiding van vakleerlinge, en die opleiding moet meer intensief wees. Die loonkwessie sal ook aandag ontvang.

Ten einde plattelandse seuns 'n geleentheid te gee om as vakmanne opgelei te word, sal die opleiding van vakleerlinge soveel moontlik gedentraliseer word.

ROOIES IN OPSTAND

Die Kommuniste in Oos-Java het nou tot openlike opstand oorgegaan en veg onder die leiding van Moesa wat verlede maand uit Moskou teruggekeer het.

Die Kommuniste het reeds Madioen, die grootste stad in Oos-Java, verower, berig Sapa-Reuter. Hulle het hul houvas op verskillende plekke versterk en berei blykbaar voor vir 'n guerilla-oorlog teen die Republikeinse regering.

Klankgolwe Moet Drank Ryp Maak

In Amerika sowel as in Brittanje word tans proefnemings gedoen om whisky deur middel van klankgolwe gouer ryp te maak as die lang periode wat tans daarvoor nodig is.

Die natuurlike proses om die drank ryp te laat word, duur tans van drie na vyftien jaar. Die uitslag van die proefnemings is nie bekend nie en whisky-makers het verklaar dat hulle nog 'n tyd lank sal voortgaan om hul drank op die ou manier ryp te laat word.

EIRE BLY WEG

Eire sal nie deelneem aan die samesprekings tussen dominiale eerste ministers aanstaande maand in Londen nie. Hy is nie deur die Britse regering uitgenooi nie is in Londen verklaar.

GROBLERSHOOP

Die Groblershoop-kommando vier O.B.-dag op 2 Oktober om 3-uur te Groblershoop. Die program maak o.a. voorsiening vir jukskei, skyfskiet, Boere-musiek, braaivleis, ens. almal is welkom.

Het U Al 'n Intekenaar Gewerf?

VUL ASSEMBLIEF HIER IN

Die Bestuurder,
Voorslag (Edms.) Bpk.,
Posbus 1411,
KAAPSTAD.

Waarde Heer,

Neem asseblief my naam op as intekenaar op Die O.B. tot ek u in kennis stel om toesending te staak. Hierby ingesluit vind u die bedrag van..... vir die eerste.....maande.

NAAM:
(Naam en Adres in Blokletters)

POSADRES:

Handtekening.

Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/6 per halfjaar.
Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.

Geslaagde Reeks Feeste In Gebied F.

Met die algemene sametrek vir die tiende verjaardag van die Ossewabrandwag op Belfast, is die reeks groot feeste in Gebied F op skitterende wyse afgesluit.

Die tweede fees was op Potgietersrust waar hoofgeneraal Gibson en generaal Verwey met hul onder-offisiere verantwoordelik was vir die reëlings. Potgietersrust het in lange jare nie so 'n netjiese vergadering en so 'n goeie opkoms gehad nie. Die gees was uitstekend.

VERRE NOORDE

Op Louis Trichard het generaal Japie Eloff, generale Mostert en hoofwagkomdt. Mostert gereël vir die derde fees. Die mense het van heinde en ver gekom; en hulle het soos altyd in die verlede nog steeds getuig van hul innerlike liefde vir die beweging. Ook hierdie funksie was besielend en die verre Noorde is voluit republikeins en vol sterk oortuigde Ossewabrandwagte.

Die vierde funksie was op Pretoria. Hier was hoofgenl. Marais in bevel en is bygestaan deur offisiere en Brandwagte

biedskwartier F sy hartlike waardering uitspreek eerstens aan die Kommandant-generaal en saam met hom generaal John Vorster vir die groot opofferinge wat hulle hul getroos het by hierdie geleentheid. Hulle het



Hoofgeneraal P. Wiid.

Dit was 'n betekenisvolle reeks, veral omdat die hoofsprekers by almal die Kommandant-generaal en generaal John Vorster was. Ongelukkig kon die K.G. weens 'n koue in sy gesig, wat sodanig toegeneem het in die afgelope dae dat sy geneesheer hom rus tuis beveel het, die Belfast-vergadering nie bywoon nie. Hoofgeneraal J. F. Marais het in sy plek 'n toespraak gelewer. Behalwe dat hoofgenl. P. Wiid en generaal Hendrik Neethling ook direk aan die program as sprekers deelgeneem het, moet melding gemaak word van die plaaslike reëlins vir die funksie onder toesig van hoofkommandant Frikkie de Wit (Belfast) en al die offisiere en Brandwagte wat hom bygestaan het met soveel ywer.



Hoofkommandante Seymore.

plaaslik. Ons mag spesiaal noem hoofkommandante Seymore en haar flukse vroue, hoofkommandant Van der Walt en sy gewillige helpers, die Wag, die Jeug en 'n O.B.-koor wat na die aandete die groot skaar mense op Klipkoppies met sang vergas het.

AFSKEID

By geleentheid van die dinee op die terrein is die K.G. gelukgewens met sy verjaardag; en is afskeid geneem van generaal M. M. Smith wat na 'n lang tyd in hospitaal nou van Pretoria na Rustenburg verhuis. Die Gebiedsleier het aan hom namens vriende 'n tjekkie oorhandig en namens die Gebiedskwartierstaf 'n presentjie as waardering vir sy groot dienste aan Gebied F en aan die Beweging in die algemeen gelewer as Organiserende Stafhoof in die verlede.

Na afloop van die vyfde fees, naamlik die op Belfast, wil Ge-



Genl. Japie Eloff.

Gebiedsleier Se Waardering

Die Gebiedsleier van Gebied F, prof. H. M. van der Westhuysen, rig onderstaande ope brief van waardering aan die Kommandant-generaal en Generaal John Vorster:

Graag wil ek langs hierdie weg my persoonlike waardering uitspreek vir die hulp van u beide, die Kommandant-generaal en Generaal Vorster, wat Gebied F so mildelik ontvang het met die sentrale feeste.

U leiding word allerweë op prys gestel, veral op 'n tydstop soos die huidige waarin die Beweging opnuut besig is om hom te oriënteer.

Mag u boodskappe volle vrugte dra te geleëner tyd. Vir diegene wat getrou gebly het, is dit glashelder dat die Ossewabrandwag werklik gekom het om te bly; dat hy nog steeds glo in sy toekomsnaamlik om die republiek in vooruitsig te stel totdat hy eendag daar is; en om die band van kameraadschap te bewaar wat ontstaan het in die Boerevolk se protes teen ontaarding en verwatering, teen lamlendige onderwerping aan vreemde magsfaktore gedurende die afgelope oorlogsjare — ontstaan het uit die skeppende

spoorslag van dade wat in elke O.B.-huis, in konsentrasiekampe en in tronke weerklink



Prof. H. M. van der Westhuysen.

het; asook sy eed van trou gestand te doen in ooreenstemming met sy leuse.

ONS HELP HULLE WAT ONS HELP. DIE ADVERTEERDERS HELP ONS.



Terwyl die tafelbediende besig is om sy gedekte tafels na te sien, hoor hy hoe die Sjef en die Hooftafelbediende die getal passasiers, wat vir ete gaan aansit, bereken.

Dan, asof op die maat van die wiele, hoor hy hoe die getal vermenigvuldig . . . 200, 400, 4.000, 400.000, 4.000.000!

Dit is die taak waarvoor die verversingspersoneel van die Suid-Afrikaanse Spoorweë iedere jaar te staan kom . . . vier-

miljoen maaltye wat op treine en in eet-salonne die hele land deur bedien word.

Dit is 'n reusetaak, want al die vooraangaande berekenings, bestellings, verkryging en aflewering van voedingsmiddels, moet met die ingewikkelde bewegings van honderde treine ingeskakel word.

Dit geskied alles ongemerk agter die skerms, lank voordat u daardie welbekende ghong hoor wat aankondig dat u tafel gedek en u ete gereed is.



SUID-AFRIKAANSE SPOORWEE

U Linnepakkie is by
Steyns
Die Modewinkel
PAROW

Adv. Louw Dreig Met Uittrede

Ooreenkomstig sy versekering dat hy nie van plan is om in die beskuldigingsbank te gaan staan nie, het min. E. H. Louw, die Unie se afgevaardigde op die V.V.O., Indië daarvan aangekla dat hy inneng in die Unie se binnelandse aangeleenthede. Hy kon egter nie verhoed dat Indië se klag teen die Unie op die agenda geplaas word nie.

In sy eerste toespraak voor die Algemene Vergadering het min. Louw gewaarsku dat Suid-Afrika dit kan oorweeg om uit die bond te tree, indien hy voortgaan om hom in te meng in die Unie se binnelandse aangeleenthede.

By die kleiner volke het hy gesê, het 'n gevoel van verdeling posgevat. Die groot moondhede in die veiligheidsraad skep die indruk by die publiek van aanhoudende tweedrag en wedersydse wantroue.

Wat die algemene vergadering en sy komitees betref, het dit al meer die plek geword waar heftige aanvalle teen lede gemaak word. Dit lei tot verbittering en veroorsaak internasionale spanning. Nog ernstiger is die gebruik wat van die vergadering gemaak word vir die propagering van ideologie en vir die vergiftiging van die betrekkinge tussen die blanke en nie-blanke rasse van die wêreld.

Moskou Hou Eie Konferensie

Berigte uit Londen meld dat die Oos-Europese state saam met Rusland 'n konferensie hou in die Krim. Josef Stalin sou self die voorsitter wees. Die berigte wil dat die eerste ministers en ministers van buitelandse sake van Roemenië, Bulgarye en Tsjeggo-Slowakye almal in die buiteland is. Vermoed word dat hulle in die Krim is waar Stalin „vakansie hou.”

Meer Kleurlinge Op Kieserslys

Die geregistreerde Kleurling-kiesers in Kaapland het vanaf 31 Januarie vanjaar tot 31 Augustus met 7,577 toegeneem sodat daar tans 46,844 Kleurlinge op die kieserslys is. Die grootste aantal Kleurling-kiesers word op die Kaapse Vlakte aangetref waar hulle getal op 3,398 staan. Dan volg Paarl, Woodstock, Parow en Kaapstad-Kasteel, wat almal meer as 2,000 Kleurlingkiesers het.

Rusland Wil Weste Laat Ontwapen

Die Russiese verteenwoordiger op die V.V.O. het die Verenigde State daarvan beskuldig dat hy voorbereidings tref om 'n atoomoorlog teen Rusland te voer. Planne sou reeds opgestel wees vir die vernietiging van stede soos Moskou, Leningrad en Odessa. Hy het voorgestel dat die vyf groot moondhede moet ontwapen en dat atoomwapens in die ban gedoen moet word.

In die dae van die Neurenberg-verhoor sou so 'n voorstel waarskynlik aandag geniet het. Vandag is dit blote propaganda.

Die eerste 32 Suid-Afrikaanse loodse wat sal help met die vervoer van voorrade na Berlyn, het teen die begin van die week in Londen aangekom.

Noodregulasies Tot 1950

Die Eerste Minister het Maandag aangekondig dat alle oorlogmaatreëls wat nog van krag bly, outomaties op 30 Junie 1950 sal verval, tensy hulle uitdruklik deur die kabinet verder verleng of voor die tyd herroep word.

Groot Aanvraag Vir Bybels

Daar is agt miljoen Bybels nodig om aan die huidige aanvraag te voorsien, het dr. Rome Betts, algemene sekretaris van die Amerikaanse Bybelvereniging, verklaar. Die Bybel is reeds in 1,073 tale verkrygbaar.

DIE O.B. TE KOOP OP SPOORWEGSTASIES

Van aanstaande Woensdag af (6 Oktober) sal Die O.B. in boekstalle van die Suid-Afrikaanse Spoorweë gekoop kan word. Aangesien dit beteken dat meer as 'n duisend eksemplare

van die blad ekstra gedruk moet word, wat groter koste meebring, sal ons bly wees as lesers hierdie feit so wyd as moontlik wil propageer.

K.G. Het Bloedbad Voorkom

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

verdeel en heers ook in Suid-Afrika toe te pas toe eenheid nodig was. Hierdie mense het die stories sonder meer aanvaar en sodoende is die verraadkompleks tussen Afrikaners aangewakker. Die idee dat die K.G. sabotasie sou beveel het en dat hy met Smuts skakel is rondgestrooi. As bewys hiervan is dan aangevoer dat die K.G. nie gearresteer word nie. Die Smutsbewind het egter teruggeëins om dit te doen omdat hulle bang was vir die gevolge.

„BOM”

'n „Atoombom” sou egter ná die verkiesing ontplof het as die Verenigde Party die oorwinning behaal het. Dr. Van Rensburg en ander leiers sou as oorlogsmisdadigers aangekla word. Daarom is adv. L. C. Barrett, kol. Rhein en speurder-kapt. Visser oorsee gestuur om getuie-nis teen die K.G. en ander persone in te samel. Orals in Suid-Afrika is verklarings afge-nem en getuie-nis ingewin. Hierdie verklarings en getuie-nis is onder dié wat mnr. Lawrence in sy besit gehad het, en nou weer terug gegee het.

STORMJAERS

Alle redes vir sabotasie kan nog nie geopenbaar word nie. Dit is goed om te weet dat die Stormjaer-beweging gestig is, lank voordat dr. Van Rensburg leier geword het. Onder die stigters is daar persone wat vandag in die volksraad sit, het genl. Marais verklaar.

Genl. Hendrik van Blerk het verklaar dat na alles wat gebeur het, die politieke gevangenes nog hul lewe veil het vir die ideaal van die Ossewabrandwag en volle vertroue het in die leiding van die K.G.

GENL. VORSTER

Genl. John Vorster het verklaar dat die donker tyd vir die Ossewabrandwag nou verby is. Die Ossewabrandwag is nie meer 'n kultuurbeweging nie. Hy is ook nie politieke party nie en hy is ook nie 'n medium om rebellie te stig nie. In die verlede het ons gestreef na vryheid, na 'n partylose staat soos in die dae van die Transvaalse

en Vrystaatse Republieke. Daar-die strewe en gees is vandag, môre en in die toekoms nog dié van die Ossewabrandwag tot dat dit verwesenlik is.

Spr. het verklaar dat die sabotasie gedurende die oorlog deur die V.P. sowel as deur die H.N.P. veroordeel is. Die sabotasie was egter 'n direkte en spontane antwoord op die regering se viktimisasie en vervolging. As dit nie so was nie, sou die Afrikanervolk nooit weer die moed gehad het om sy kop op te tel nie. Goddank, die K.G. het in daardie donker ure rigting en inhoud aan die O.B. gegee. Ons vertrou op die K.G. as leier van die gedissiplineerde Afrikanerdom.

VERTROUE

Die persone wat niks geoffer het en niks wou offer nie, is die persone wat die grofste verwyte rond geslinger het. Diegene wat deur die tronke en kampe van die Empire gegaan het, hulle vertrou dr. Van Rensburg tot so 'n mate dat hulle met gerustheid hul lewe in sy hande sal laat, het spr. gesê.

Die Ossewabrandwag staan rotsvas by 'n partylose staat. Dit is die enigste tradisie van die Afrikaner op staatkundige gebied en ons streef met alle mag na die verwesenliking daarvan. As daar moeilikheid ontstaan, is die Ossewabrandwag die enigste basiese organisasie waarop terug geval kan word en wat sal keer dat dinge verkeerd loop. Hier word nie gevra aan watter politieke party jy behoort nie, maar slegs of jy Afrikaner en Republikein is. Die O.B. wil die Milner-oorgeplante politieke stelsel afskak.

STEUN PÁRTYE

Die Ossewabrandwag sal alles in sy vermoë doen om die H.N.P.-A.P.-regering te steun. Hy hou rekening met die werklikheid en gooi sy gewig in waar Afrikanerselfrespek behou kan word. Lede van die O.B. kan nie by die H.N.P. aansluit sonder prysgee van beginsels nie, en geen Afrikaner met selfrespek sal by die Verenigde Party aansluit nie. Maar die A.P. het ons sonder enige voorbehoud aanvaar en ons sal hulle steun, het genl. Vorster besluit.

A.P. Gaan Beveg Moeilike Setels

Die Afrikanerparty het aangekondig dat hy ten minste twintig setels met die komende provinsiale verkiesings gaan beveg. Tot dusver is dit twaalf in Transvaal, waarvan vyf as veilige setels beskou kan word; vyf in Kaapland, waarvan twee moontlik verower kan word; en drie in Natal, waarvan net een as 'n waarskynlike wins beskou kan word. In die Vrystaat het die A.P. en die H.N.P. nog nie besluit oor die verdeling van setels nie.

Die Transvaalse setels wat die A.P. gaan betwis, is die volgende (Die partymeerderhede in die jongste algemene verkiesing volg in hakies): Pietersburg (H.N.P. — 1,835); Ermelo (H.N.P. — 998); Ventersdorp (H.N.P. — 1,114); Losberg (H.N.P. — 461); Boksburg (V.P. — 649); Pretoria-Stad (V.P. 1,678); Benoni (Arbeiders — 2,376); Bezuidenhoutvallei (V.P. onbestrede); Houghton (V.P. onbestrede); Troyville (V.P. 5,163); Kensington (V.P. onbestrede); Germiston (H.N.P. 678).

Al die Transvaalse setels word nog op die oomblik deur die Verenigde Party of Arbeidersparty in die provinsiale raad verteenwoordig.

Kaapland: Paarl (H.N.P. — 367); Mosselbaai (H.N.P. 3,081); Albanie (V.P. — 3,481); Queens-town (V.P. onbestrede); Port Elizabeth-Noord (V.P. 1832). Met die uitsondering van Mosselbaai word al hierdie setels in die provinsiale raad tans nog deur die V.P. gehou.

In Natal gaan tot dusver die volgende setels beveg word: Newcastle (H.N.P. — 115) asook Weenen en Umlazi. Aldrie is onbestrede deur die V.P. in 1943

verower en word tans nog deur V.P.-lede verteenwoordig.

Die gesamentlike distriksrade van die H.N.P. van Mosselbaai, Albertinia en Blanco het die afgelope week 'n eenparige besluit geneem om die kiesafdeling van Mosselbaai nie aan die Afrikanerparty af te staan nie.

Mnr. Paul Roos Oorlede

Mnr. Paul Roos, L.V. vir Stellenbosch, en kaptein van die eerste Springbokke, wat in 1906 in Engeland getoer het, is verlede Wonsdag skielik aan hartverlamming oorlede. Hy het nog die vorige dag in die volksraad 'n toespraak gehou. Behalwe as sportman was mnr. Roos ook bekend as onderwyserman wat veel gedoen het op daardie gebied.

Dit is nog nie bekend gemaak wanneer die tussenverkiesing in Stellenbosch sal plaasvind nie. Gerugte doen die ronde dat die Verenigde Party mnr. J. G. Carinus, Administrateur van Kaapland, gaan vra om hom verkiesbaar te stel as kandidaat.

V.V.O. SAL MOET HERVORM

'n Waarskuwing dat die V.V.O. op 'n streekbasis georganiseer sal moet word, is Maandag deur die Britse minister van buitelandse sake, Ernest Bevin gedoen toe hy die V.V.O. toegespreek het, volgens Sapa-Reuter berig. „Miskien het ons te veel gehoop. As ons nie op 'n wêreldbasis vordering kan maak nie, soos ons gehoop het, dan moet ons vordering maak op 'n streekbasis,” het hy gesê.

Bevin het daarop gewys dat daar gedurende die afgelope jaar nog niks op politieke gebied deur die V.V.O. bereik is nie en het Rusland daarvan beskuldig dat sy woorde nie rym met sy daade nie en dat die Weste rede het om verdag te staan teenoor Russiese verklaarings.

Geneeshere Van Buiteland

Gedurende die eerste ses maande van hierdie jaar is daar 78 buitelandse geneeshere in Suid-Afrika geregistreer. Dit is 27 meer as wat daar gedurende die periode plaaslik gekwalifiseer en geregistreer is. Hierdie syfers is bekend gemaak op die vergadering van die Suid-Afrikaanse Mediese Raad. Gedurende dieselfde tyd is sowat 200 aansoeke van dokters uit Duitsland, Finland, Noorweë, Pole en Griekeland ontvang om na Suid-Afrika te kom.

VROUE VRA NOU MAAR SKEIBRIEF

Van die 35 of 40 Russiese vroue wat gedurende die oorlog met Britte of Amerikaners getroud is, is net 20 toegelaat om na hul mans te gaan. Later het Stalin geweier dat hulle die land verlaat.

Nadat 'n paar vroue onlangs egskedings in Rusland aangevra het omdat hulle nie toegelaat word om Rusland te verlaat nie, het nog vier Russiese vroue wat met Britte en vier wat met Amerikaners getroud is, nou aansoek gedoen om egskedings. Hulle het ook briewe aan 'n Russiese koerant, Izvestia, gerig waarin hulle verklaar dat hulle protesteer teen die anti-Sowjet-propaganda wat daar in die Weste oor die vraagstuk gemaak word. Hulle voeg by dat hulle nie na Amerika of Brittanje wil gaan nie.

Almal wat die Bolsjewistiese metodes ken, weet natuurlik hoe demokraties hierdie verklarings is — eenswillend met die van die staat.

Bomwerper Vlieg 600 m.p.u.

Amerika sal in staat wees om in 'n volgende oorlog bomwerpers uit te stuur wat viniger vlieg as meeste spuitvegvliegtuie op hierdie stadium. In 'n onlangse proefvlug het so 'n bomwerper die verbasende snelheid van 600 m.p.u. bereik toe hy skoon onder die begeleidende spuitvegters uitgevlieg het. Dit beteken 'n vermeerdering van ongeveer 200 myl per uur ten opsigte van die vaart van bomwerpers wat in die afgelope oorlog gebruik is.